VERKENNERS

AGL Nicolette Koukeas
082 921 5955 – nikkik@iburst.co.za

"Hoe wonderlik is dit nie dat niemand 'n sekonde hoef te wag om die wêreld 'n beter plek te maak nie".

Mag ons met hierdie woorde van Anne Frank elke sekonde die jaar aangryp om saam Die Voortrekkers, ons land en dus ook ons wêreld 'n beter plek te maak. Ek wens baie voorspoed vir elke Verkenner en sy/haar offisier toe vir 2011. Ek sien uit na 'n jaar waarin ons ongekende hoogtes gaan bereik met en vir ons Verkenners.

4.1 Eduland

Die bestuur van Eduland het hulle kursusse en die aansoekproses in hersiening geneem en drastiese veranderinge aangebring. Geen keuring word meer gedoen vir graad 9-leerlinge nie. Alle graad 9 Verkenners is welkom om in te skryf vir die kursus. Daar is egter net beperkte aantal plekke met afslag beskikbaar vir Voortrekkers. Gaan lees alles oor die veranderinge op die Verkenners se webblad onder die skakel 'Eduland'. Inskrywings word voortaan deur Eduland self hanteer - kontak gerus vir Callie (079 526 9684 of info@eduland.co.za)

4.2 Verkennerwebblad

Die Verkennerwebblad het 'n nuwe blaadjie omgeslaan gedurende die Desembervakansie en daar is nou nog meer inligting beskikbaar. Gaan loer gerus na wat ons nou aanbied en lewer kommentaar. Jy vind die blad by www.verkenner.voortrekkers.org.za.

4.3 HW/PV proses

Graad 12-Verkenners wat aan die proses gaan deelneem se inskrywings moet die gebiedskantoor bereik teen Maandag 21 Februarie 2011. Let daarop dat die Verkenner die inskrywingsvorm moet onderteken. As gevolg van die administratiewe omvang van die proses sal geen laat inskrywings hanteer word nie. Maak seker dat afskrifte van alle sertifikate, waarvoor daar aansoek gedoen word om vooraf punte, by die inskrywing aangeheg word.

4.4 Gebiedskampe

Voor ons ons oë uitvee is dit alweer tyd vir die April gebiedskampe. Inligting van die onderskeie kampe sal eersdaags beskikbaar wees op die Verkennerwebblad.

Gebiedskamp Datums

Thaba Veldwerkkamp 26 Maart – 02 April 2011
Lunsklip Veldwerkkamp 26 Maart – 03 April 2011
Roodeplaat Waterwerkkamp 27 Maart – 02 April 2011
Rhus Keeti Veldwerkkamp 02 April – 09 April 2011

4.5 Avontuurdag

Die Gebiedsjeugraad 2010/2011 is hard aan die werk met die voorbereidings vir die Avontuurdag. Meer inligting hieroor sal eersdaags versprei word.